Taalproses loop van onder na bo

As ondervoorsitter van die US-raad (2002-2004) en voorsitter (2004-2008) was ek ten nouste betrokke by al die verrigtinge van die uitvoerende komitee (UK) van die raad, die raad self en die aanbevelings wat van die taalkomitee ontvang is.

Enigiemand wat 'n universiteit se verrigtinge ken, sal weet dat iets soos 'n taalbeleid deur 'n lang goedkeuringsproses moet gaan voordat dit in werking gestel kan word. Uitvoering verg eweneens 'n duidelik voorgeskrewe prosedure.

In die geval van die 2002-taalbeleid is dit korrek dat Afrikaans as die verstek- (outomatiese) opsie beskryf is en enige afwyking daarvan gemotiveer en op verskillende vlakke goedgekeur moes word. Hoekom Giliomee dink ek en die ander drie raadslede na wie hy verwys, het 'n probleem met hierdie beleid gehad, verstaan ek nie. Ons het dit dan openlik ondersteun!

Ná 2002 het talle departemente gemotiveer hoekom hulle nie suiwer by die Afrikaanse verstek-opsie kon of wou bly nie. Dit het vir die UK van die raad en die raad self duidelik geword dit sou baie moeilik wees om met aanbevelings van die taalkomitee oor afwykings van die verstek-opsie te verskil.

Onthou, die taalkomitee het bestaan uit 15 kundiges wat óf verkies óf aangestel is uit verskillende afdelings van die hele universiteitsgemeenskap.

Boonop het die taalkomitee se aanbevelings altyd na die UK van die senaat en die volle senaat vir kommentaar gegaan. Die senaat het nooit enige wesenlike besware daarteen uitgespreek nie.

In wese is besluite rondom die groter aanwending van Engels dus bepaal deur 'n proses wat van onder na bo beweeg het. Die vlakke van goedkeuring was departementshoofde, dan fakulteitsrade, dan die UK van die senaat, en dan die UK van die raad wat 'n aanbeveling aan die volle raad gemaak het. Die raad moes finaal daaroor besluit en stem, indien aangedui. Dit was 'n omslagtige proses, maar baie deursigtig en demokraties.

Giliomee het niks daarvan gehou nie en sou verkies dat besluitneming van bo af afgedwing word. Boonop was hy 'n voorstander van taalmonitors wat inspeksies moes uitvoer om seker te maak dat streng by die voorgeskrewe taalbeleid gehou word. Oortreders sou gedissiplineer moes word.

> **Ek het nog nooit getwyfel dat wat die raad tussen 2002 en nou oor Afrikaans besluit het, in die belang van die US was nie.**

Die Burger 18.03.2010

Giliomee en sy ondersteuners se stemme was nooit voldoende om die aanbevelings van al die ander liggame of die meeste raadslede teen te gaan nie. Hy komplimenteer my seker deur te beweer ek en die ander drie raadslede kon "op eie houtjie" besluit om die taalbeleid in 'n sekere rigting te stuur, maar dit is bloot nie die waarheid nie en sou binne die voorgeskrewe stelsel nooit so kon werk nie. Ten beste kon ander raadslede deur ons menings oortuig word en dienooreenkomstig gestem het.

Voorts maak ek ten sterkste beswaar teen sy bewering dat ons bedoeling was "dat die universiteit uiteindelik Engels moes word". Hy kan dit net so stel om verkeerdelik en onregverdig emosies teen ons te probeer opsweep en daarmee die huidige verkiesing te probeer beïnvloed. Die UK van die raad het wel, nadat die 2002-taalbeleid 'n paar jaar gegeld het, die taalkomitee versoek om 'n meer "buigsame" taalbeleid te oorweeg. Die bedoeling hiermee was dat parallelmedium (en nie net die eentalige Afrikaanse opsie nie) ook as 'n verstek-opsie oorweeg moes word. In latere jare is die taalbeleid wel so aangepas en deur die volle raad goedgekeur.

Ek het nog nooit enige twyfel gehad dat wat die raad tussen 2002 en nou oor Afrikaans besluit het, in die belang van die US was nie.

■ Dr. Hertzog is 'n voormalige US-raadsvoorsitter.